Wag op God

Ps.62: 1- 13 Lees!!!

Ps. 62:6 "Sekerlik, Hy is my **rots en my heil**, my **rotsvesting**; ek sal **nie wankel nie**."

Is dit werklik so dat God nader aan ons kan wees as **enige iets anders** in hierdie lewe, is God selfs nader aan ons as ons **omstandighede** waarin ons verkeer?

Het ons die versekering dat God **elke oomblik by ons is** al aanvaar? **Besef** ons dit? Weet ons dat God selfs in die **moeilikste omstandighede** nader as **enigeiets anders** aan ons is?

Al die **kennis** van God se Woord sal vir ons **nutteloos** wees, indien ons hierdie **feit** nie besef nie.

Die feit dat God **elke oomblik** en in **alle omstandighede** by ons is, is vir ons meer werd en meer kosbaar as al die kennis in die wêreld. Maak nie saak wat gebeur nie, **God is teenwoordig**!!

So baie mense kla dat hulle **omstandighede** hulle van God af weghou -- hulle **versoekings**, hulle **swaarkry** en hulle **node**, hulle **vriende** en hulle **vyande**, hulle **werk**, hulle **familie**, hulle **stokperdjies** :-

Daar is so baie dinge wat tussen God en die mens staan.

Die vraag wat ontstaan is:

Is God dan nie in staat om **in so 'n mate** van ons besit te neem, dat Hy **nader aan ons kan wees** as **enigeiets anders** in die hele wêreld nie?

Het **rykdom of armoede**, **droefheid of vreugde**, **gesondheid of siekte**, **benoudheid of angs,** dan **meer mag** oor ons lewens, as **wat God** het?

Nee, baie verseker nie!! **Baie beslis nie**!!

Hoekom **kla** soveel mense dan, dat hulle **omstandighede** hulle van God af **weghou**? Daar is net een antwoord:

Dit is omdat hulle **God nie ken nie**!!!

En dit is die **oorsaak van alle probleme** in die kerk vandag. Ons **ken God nie**.

Ex 5:2 "Maar Farao antwoord: **Wie is die HERE** na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? **Ek ken die HERE nie**, en ek sal Israel ook nie laat trek nie."

Indien hy **God geken het**, sou hy die Isrealiete **onmiddelik** laat trek het. So baie male handel ons in **teenstryd** met God se wil,omdat ons God nie **werklik ken** nie. Indien ons God werklik ken en werklik weet wie Hy is, sal ons altyd **bo alles poog** om **Sy wil te doen** en om **Sy wil te laat geskiet**.

Ons sal **geen ander begeerte** in die lewe hê nie.

Indien Farao **God geken het**, sou dit die **lewens** van derduisende Egiptenare **gespaar** het.

Hoeveel **siele sal eendag sterf**, omdat ek en U God nie **waarlik ken** nie?

Farao kon baie mense se **lewens gespaar** het, indien hy God **geken** het. Ek en u kan ook **baie siele spaar**, indien **ons God ken**.

Indien ons **God waarlik ken**, nie deur dit wat ons in **boeke lees** of wat ons met die **verstand geleer** het nie, maar deur dit wat ons **self persoonlik** met God ervaar het,

Indien ons God ken omdat ons self **persoonlik** met Hom 'n **ontmoeting beleef** het, dan sal ons ook die **nabyheid** van God **ken** en **aanvaar**.

Dan sal ons ervaar wat Sy Woord sê:

Deut 31:6 "Wees sterk en vol moed; **wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie**; want dit is die **HERE jou God** wat saam met jou trek; **Hy sal jou nie begewe of verlaat nie**."

Vers 8 "En dit is die **HERE wat voor jou uit trek**; Hy sal **met jou wees**; Hy sal jou **nie begewe of verlaat nie**; jy mag nie **bevrees** of **verskrik** wees nie."

Jos. 1:5 "**Niemand sal voor jou standhou al die dae van jou lewe nie**; soos Ek met Moses gewees het, sal Ek met jou wees; **Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie**."

Indien ons **God waarlik ken**, sal **niks** en **niemand** voor ons **standhou** nie. God sal ons **nooit alleen laat** nie. En God sal ons **nooit verlaat** nie.

Indien ons **God ken** sal ons altyd **meer as oorwinnaars** in Christus Jesus wees. Ons sal 'n **oorwinnings - lewe** leef.

Want indien ons **God ken** sal **Hy** – **Self in ons woon** om aan ons die **oorwinning te skenk**. Dit is nie **ons** wat die **oorwinning behaal** nie, maar **Hy wat in ons woon** het **alreeds die oorwinning behaal**.

Hy is **God Almagtig** en as **Hy vir ons is** en **in ons is**, kan **niks** of **niemand** teen ons wees nie -- **Halleluja!!!**
Wie van ons **begeer nie 'n lewe van oorwinning** in Jesus Christus nie? Is dit nie vandag **elkeen van ons se hartsbegeerte** nie?

En dit is ook vir **elkeen van ons moontlik** om 'n lewe van oorwinning in Christus te **ondervind** en te **ervaar**, want Hy het belowe:

"**Ek sal jou nie begewe of verlaat nie**."

Waarom kan ons dit dan nie **ondervind** en **uitleef** nie?

Want die mens plaas hulle hoop op **predikers** en **boeke** en **boodskappe** en baie **derglike dinge** wat **uit mense voortspruit**, instede dat hulle in alles opkyk na **Chritus Jesus** as Hulle God en verlosser.

Mense hardloop te maklik **agter mense** aan, instede dat hulle agter **God aan hardloop** en **God bo alles soek**.

Geen **boek**, geen **boodskap**, geen **mens**, kan die **lig van God** aan ons **openbaar** nie, net **God alleen** kan **Homself** aan ons **openbaar**. En dit is binne **elke mens** se bereik.

Ons moet nie net na die **Evangelie soek** nie, maar ons moet ook na die **God** van die **Evangelie** soek!!

Die Here moet **in alles** die **nommer een plek** in ons lewens hê. In ons **kerk**, by ons **huis**, op die **pad**, by ons **werk** -- waar ons ookal mag gaan, moet ons toelaat dat **Sy lig** en **Sy liefde** uit ons uitstraal.

Dan sal ons **Hom ken** en sal ons **Sy wil** ook doen.

So baie maal ondervind ons nie **Sy nabyheid** nie, omdat ons Hom nie **wil toelaat** om naby te wees nie, ons wil eerder **self in beheer** wees.

Dit is dan wanneer ons sê: Ek is **te besig**, ek het **nie tyd** gehad om **af te sonder** nie. Of, daar is iets wat ons **verhoed** om God voluit dien.

Al wat ons gewoonlik verhoed tot 'n **volle oorgawe**, is ons **eie wil**, ons **hoogmoed** en ons **trots**.

Wil ons nie maar soos Dawid sê nie:

(Ps. 42:1) "Soos 'n **hert wat smag na waterstrome**, so **smag my siel na U, o God**!"

Wanneer my **siel smag na God se waters**, sal God vir my van **Sy waters** gee om te drink.
Smag:- dit beteken ek moet **wag op God**, ek moet 'n **eindelose verlange** hê om met God kontak te maak.

Ps.62: 5 " Wees net maar **stil tot God, my siel**, want van **Hom is my verwagting**!"

Wees **stil** en **wagtende** op God, besef jou eie **onkunde**, besef jou eie **onvermoë**, besef die **begeertes** van jou eie **sondige natuur**. Kom tot die besef dat jy maar net '**n mens** is.

Vra God in **eenvoud** en in **ootmoet** om jou in die **holte van Sy hand** te bewaar. Hy wil baie graag die **lig op jou lewenspad** wees.

God het die **skepping geskape**, sodat dit Sy **wysheid**, **heerlikheid** en **skoonheid** kan weerspieël. En net so moet **elkeen van ons lewens** Hom ook weerspieël.

Ander moet die **wondermooi** en **skoonheid** en **sagtheid** van God in ons sien. Dit is hoe God elke oomblik **in ons wil wees** en **in ons wil werk**. Dit is **God se doel** vir elke mens, Hy wil **in ons gesien** word.

Wanneer God in ons **sigbaar** is, sal Hy altyd in ons lewens **teenwoordig** wees en sal Hy ons **nooit verlaat** nie, ons sal **nooit alleen** wees nie.

Indien ons **eensaam en alleen** voel, is dit heelwaarskynlik omdat ons Hom nog nie **ingenooi** het nie.

Geliefdes, dit is die heel **natuurlikste ding** hier op aarde, dat **God in ons woon** en **altyd by ons sal wees**, want dit is hoe God dit van **voor die skepping** af bepaal het, Hy **wil by ons wees**, Hy **wil in ons wees**,

Daarom het God in die mens vir **Homself 'n plek beskik** waar Hy kan inwoon, en dit is in die **siel** van die mens.

So dikwels wanneer God nie **Sy plek** in die siel van die mens **vul** nie, dan het die siel 'n **behoefte**, maar wanneer God **Sy plek ingeneem** het, sal die mens **vergenoeg** wees, want God het **sy dors geles**.

Wees **maar net stil**, **"O", my siel**, wees **stil** en **besef** die dieptes van God, ons kan dit **nie peil nie**, dit is **te diep** vir die mens om te **verstaan**, maar ons dank God dit is deur die Heilige Gees aan ons **geopenbaar**.

Net so seker soos die **son** elke dag in die **ooste** opkom en in die **weste** ondergaan, net so seker is God ook **elke oomblik by ons** ongeag ons **omstandighede**, in **benoudheid**, **in honger** in **gevaar**, God is altyd daar.

God is my **Rotsvesting**, ek sal nie **wankel** nie. Van Hom is my **verwagting**.

Ek **vertrou** op niks anders nie, **behalwe op God**. Ek **hoop** op niks anders nie, behalwe op God, ek **kyk** na niks anders nie, behalwe na God. Al my **hartsbegeertes** en al my **hartsverlange** is na God.

Daar is vir my **geen ander gode** in hierdie lewe waarna ek **smag** nie.

(Ps. 121:1) "**Ek slaan my oë op na die berge**: **waar sal my hulp vandaan kom**?

:2 My hulp is van die **HERE** wat hemel en aarde gemaak het.

:3 Hy kan jou **voet nie laat wankel nie**; jou **Bewaarder kan nie sluimer** nie.

:4 Kyk, die Bewaarder van **Israel sluimer of slaap** nie.

:5 Die **HERE is jou Bewaarder**; die HERE is jou **skaduwee** aan jou regterhand.

:6 Die **son** sal jou bedags nie steek nie, die **maan** ook nie by nag nie.

:7 Die HERE sal jou bewaar vir **elke onheil**; jou **siel** sal Hy bewaar.

:8 Die HERE sal jou **uitgang** en jou **ingang** bewaar, van nou af tot in ewigheid."

God is **groter** en **meer** en **baie Almagtiger** as al ons omstandighede. En die wonderlikste van alles, **Hy is hier**, Hy is **hier by ons**, maak nie saak waar ons **gaan** of waar ons ons **bevind** nie, God is **teenwoordig**.

Hoekom ondervind ons dit nie?

Want ons is te **vol van onsself**!! Ons **ag onsself te hoog**, in sommigge gevalle wil ons ons **troon verhef bo God**, ons wil aan God **voorskryf** wat om te doen, en indien dit nie so gebeur **soos ons** dit wil hê nie,

Dan sê ons: **God het ons verlaat**, Die Here **gee nie meer om vir my nie**, die Here **antwoord nie my gebede** nie, maar intussen wil ons **self in beheer** wees. Ons gee nie die Here die **geleentheid** nie.

Ons **rusteloosheid** en ons **vrugteloosheid** is vir ons net die **teken** dat ons nog nie vir die Here die **geleentheid** gegee het om Sy werk te doen nie.

Ons moet aan **God oorhandig**, ons moet **boedel oorgee**, ons moet **alles** vir God gee, ook ons **troetelsondetjies** wat ons so **vertroetel** en **beskerm** in ons harte.

Want al te dikwels is **hulle die oorsaak** dat ons sê: "**God het ons verlaat**."

Intussen het God ons **nog nooit verlaat** nie, dit is net ons **eie gewete** wat ons **waarsku**. En so dikwels is dit die **stem** van die **Heilige Gees** wat met ons praat, om ons **terug te roep** na die Here.

Wanneer dit weer voel of **God jou verlaat** het, vra jouself net of daar nie dalk die een of ander **troetelsonde** in jou lewe is wat **verhoed** dat jy die Here **voluit** dien nie.

Ons moet so bewus van God se **teenwoordigheid** wees, dat ons sal **oorloop** daarvan, so **vol** dat **niks** en **niemand daardeur kan dring** om ons **enige skade** aan te doen nie.

Daar mag **niks wees** wat tussen ons en God staan nie. Jesus Christus het aarde toe gekom om vir ons die **weg te open**, daar is aan ons 'n **geopende deur** gegee en **niks behalwe onsself** kan daardie deur weer **toemaak** nie.

Heb. 10: 19 – 31 **Lees!!!**